DOPE VIR VANDAG

Ons versoek asseblief dat geen fotograaf tydens die doop opstaan, rondbeweeg, en foto's neem wat geluide en flitse maak nie. Ons beveel aan dat 'n familielid of vriend heel voor sit om die doop self op video op te neem, sodat hulle dit later vir die kindjie kan wys. Foto's kan ook na die diens in die liturgiese ruimte geneem word.

Christiaan en Chanel van Eck doop vir Zanru

Annamie Visser doop vir Mika

Mag die Doop `n spesiale deel wees van die geloofspad wat julle gesin saam stap.

KERKKANTOOR BESONDERHEDE:

Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

Offergawes met SnapScan

DURBANVILLE GEMEENTE BANKBESONDERHEDE

ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente, Durbanville.

Indien jy enige bydrae elektronies inbetaal, gebruik jou noemnaam en van as verwysing asook waarvoor die inbetaling is. Baie dankie!

blitSIG

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 04 Februarie 2018	VOLGENDE WEEK 11 FEBRUARIE 2018
		Teks: Kol 3:22 - 4:6 **Verbind aan die wêreld**	***Teks: Markus 9:2-9***
09:00	**Klassieke Diens** (Kerk)	Ds. André Agenbag Doop	Ds. André Agenbag
09:00	**Familiediens** (Sentrum) **Jeuggroepe Voorskool tot Gr. 5**	Dr. Tinus van Zyl	Ds. Jana Dickason
18:00	**Aanddiens** (Kerk) **Jeuggroepe Gr. 6 – 11**	Ds. Jana Dickason	Dr. Tinus van Zyl

GEMEENTEVERGADERING: 04 MAART

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Vra vir die Heilige Gees om vir jou te wys hoe God jou gebruik daar waar jy elke dag woon, werk en beweeg.

VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by die kerkkantoor 021 975 6370 X 103 / admin@durbanvillegemeente.co.za, sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek.

Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmate wat siek is of behandeling ontvang:

Elize Schouten	Erma Burger
Carel Cronjé	Pa van Heinrich en Sonja Punt
Scotty Marais	Ian (13jr) kleinseun van Alida Thorpe

OFFERGAWES

Vandag se **Sinodale offergawes** gaan aan die **Instituut vir Dowes.**
Die NID Akademie bied multidissiplinêre steundienste waaronder maatskaplike en terapeutiese ondersteuning aan persone met gehoorverlies. NID Kollege bied geakkrediteerde beroepsopleidingsprogramme vir dowe studente aan. Twee skole, De la Bat en Nuwe Hoop sorg vir dowe kinders se opleiding. Bid dat al die Dowes in Suid-Afrika ook die geleentheid sal kry om die boodskap van verlossing in hul eie taal, Gebaretaal, te ontvang.

Mnr. Deon de Villiers | (023) 342-5555 | fr.nid@nid.org.za | www.nid.org.za

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG!

Jean van Rooyen, Martie Wilson, Louise Malherbe, Marie van Breda, Chris en Estherna Lotz. Wvnand Theron en Sonia Punt

Kom deel in die "praise & worship", relevante boodskappe en gesellige saamwees. Elke Sondag om 18:00 in die kerkgebou.



DS. ANDRÉ VAN WYK AFSKEIDSPREEK

André van Wyk het op Sondag 28 Januarie tydens 'n stampvol erediens sy afskeidspreek gelewer. Ons bid hom die Here se seën toe vir sy taak by Jan Kriel Instituut. Foto: *Nelius Meiring*

KERKRAAD

Kerkraadsvergadering: 13 Februarie 2018 by Huis Aristea. Baie dankie aan Huis Aristea wat die lokaal vir ons gratis beskikbaar stel. Groot waardering!

Nominasies Kerkraadslede: Nominasies vir die kerkraad word tans ingewag. Indien u iemand wil nomineer, neem asseblief 'n nominasievorm by ons Inligtingstoonbank OF voor in die portale, voltooi dit en handig dit in by die kerkkantoor teen Donderdag, 8 Februarie.

KURSUS 31 JANUARIE HOOR GOD SE STEM ALLEEN EN SAAM

'Sowat 30 mense het Woensdagaand byeengekom vir die afskop van die "God se wil vir my lewe" kursus. Die eerste gesprek het gegaan oor hoe ons God se stem hoor wanneer ons alleen en saam is. Interessante opinies en gesprekke het by die tafels na vore gekom. Praktiese wenke oor hoe ons moet luister is ook gegee. Die volgende praatjie oor hoe ons moet onderskei tussen waarhede en valshede beloof baie interessant te wees.
Moet dit nie misloop nie'-Andrew Kok.

28 Februarie om 11:00 en ook 18:30 by De Oude Caab. Bespreek voor die tyd by die kerkkantoor.

OUERLEIDING KURSUS

Padlangs: Positiewe Ouerskap
Spreker: Attie Rall
Ouerskap gebeur oornag en ons het nie opleiding om suksesvolle ouers te wees nie. Daarom sukkel ons dikwels om te "cope" met al die nukke en grille wat kop uitsteek. As jy op moedverloor se vlak is en nie meer raad met jou kinders het nie, is die Positiewe Ouerskap kursus net vir jou!
Eerste kursus is 13 Feb
Tyd: 18:30 vir 19:00
Plek: Heidekoppie, Gemeente met oop deure, 88 Stasie St, Protea Hoogte.
Koste: R180 per persoon

RSVP asb. voor 5 Februarie 2018 by Suné Mienie vir meer inligting.

Telefoon: 021 987 2940 / E-pos: ssmit@badisatrio.org.za